



Laerskool Simon van der Stel

M Geagte Ouers

A **PERSONEEL:**

Ons sê baie dankie aan Mnr. Pratt vir twintig ongelooflike opvoedingsjare wat hy hier by Simon van der Stel met ons gedeel het. Hy het ontsettende goeie werk op vele gebiede hier by ons skool gedoen. Hy laat verseker 'n groot leemte in die kinders en personeel se lewens. Ons wens hom voorspoed toe met sy toekoms en die "Hope Foundation" wat hy gestig het.

K Terselfdertyd sê ons ook baie welkom aan Mev. van Zijl wat tot einde September die graad 6-klas gaan onderrig. Ons is regtig baie bevoorreg om so 'n bekwame onderwyseres by Simon van der Stel te hê.

J **KOOR:**

O Ons is baie trots op ons skool se kore wat weereens ons skool se naam hoog gehou het en pragtige vertonings gelewer het tydens Maandag, 3 September, se Foyer Produksies in die Strand. Baie geluk aan ons koorlede, Mevv. Herbst en Meyer vir puik vertonings. Baie dankie aan al die ouers wat gehelp het met vervoer en toesig en Mevv. Herbst en Meyer vir ure se harde werk. Julle is ons trots.

S Ons kore neem ook eerskomende **Woensdag, 12 September 2018**, deel aan die **Kaapse Afrikaanse Eisteddfod se koorafdeling**. Dit begin om 15:00 in ons skoolsaal en ouers is welkom om te kom kyk hoe pragtig ons skool se kore sing. Baie sterkte aan ons kore en BAIE DANKIE Mevv. Herbst en Meyer vir ure se harde werk om ons kore op so 'n hoë standaard te kry.

E **GR.4 ENTREPRENEURSDAG:**

L Baie dankie aan die graad 4-klas en Mev. Mostert vir die entrepreneursdag wat op Dinsdag, 4 September, gehou was ten bate van dierebeskerming. Die leerders was ware entrepreneurs en het hul items wat te koop was asook hul stalletjies pragtig ten toon gestel. Baie dankie Mev. Mostert vir die reëlings.

F **LENTEDAG:**

T Ons vier môre, **7 September**, Lentedag by Simon van der Stel en ons vra dat al die leerders asseblief blomme sal skool toe bring wat 'n paar gr.7's dan weer aan Plumstead Rusoord wil gaan gee. Die oumensies waardeer dit so baie en dit is ook 'n mooi uitreikingsgebaar waar ons leerders ook leer om te gee. By voorbaat baie dankie daarvoor.

R

O

T

S


Ons tema vir hierdie jaar se Lentedag is "**Gewone mense (helde) wat ongewone goeie dinge doen**". Ons kinders het 'n **gratis Civviedag**, maar die kinders wat 'n Loslit-plakker gekoop het, mag in aanmerking kom vir 'n klein prys wat gegee gaan word vir die bes geklede kind is sy/haar klas.

Tydens ons Lentedagviering môre gaan daar ook 'n Lentedag-talentkompetisie wees in die saal. Dankie aan die prefekte en Mev. Brown vir die reëlings in die verband.

KONSERT:

Daar heers groot opgewondenheid oor ons konsert waaraan al ons Simon van der Stellertjies gaan deelneem en daar word reeds hard geoefen. Die datums van die konsert is **26 en 27 September** en dit beloof om baie oulik te wees. Die koste verbonde aan kaartjies is **R70 per volwassene en R30 per kind**, vir kinders wat nie huidiglik 'n leerder by Simon van der Stel is nie. (Ons skool se kinders betaal dus nie.) Die kaartjies sal by die kantoor beskikbaar wees. Tydens hierdie twee aande gaan die OK koffie, tee, ham-en-kaas geroosterde broodjies en ander versnaperinge verkoop. Kom ondersteun die kinders en kom geniet die aand saam met ons. Meer inligting sal later aan u gestuur word.

Vriendelike groete



L.L. HEFER
wnd. SKOOLHOOF